Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Gavin de Bruyn/Tamaryn Petersen
Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut
(EDULIS ingesluit)
Gavin.DeBruyn@westerncape.gov.za | 021 900 5053
Tamaryn.Petersen@westerncape.gov.za | 021 900 5062

Lêerno.: 23/2/7/7
Verwysing: 20221205-9634

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0001/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Leerderondersteuning, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare skole

Onderwerp: 2023-beurse vir Voortgesette Professionele Ontwikkeling van onderwysers in diens

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het, in samewerking met die Onderwys-, Opleidings- en Ontwikkelingspraktyke Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid (OOOP SOOO (*ETDP SETA*)), beurse aan onderwysers vir die 2023-akademiese jaar beskikbaar gestel om die volgende volledige kwalifikasies te verwerf:

	Kursus	**NKR-vlak**
i	Gevorderde Sertifikaat (*ACT*) in Grondslagfase-onderrig (befonds deur die OOOP SOOO – word deur die Universiteit van Kaapstad aangebied)	6 120 krediete
ii	Gevorderde Sertifikaat (*ACT*) in Intermediêrefase-onderrig (befonds deur die WKOD – word deur die Universiteit van Kaapstad aangebied)	6 120 krediete
iii	Gevorderde Sertifikaat (*ACT*) in Wiskunde-onderrig in die Senior Fase (befonds deur die OOOP SOOO – word deur die Universiteit van Kaapstad aangebied)	6 120 krediete
iv	Gevorderde Onderwysdiploma (*ADE*): Wiskunde-onderrig in die Senior Fase (befonds deur die OOOP SOOO – word deur die Universiteit Stellenbosch aangebied)	7 120 krediete
v	Gevorderde Onderwysdiploma (*ADE*): Natuurwetenskappe-onderrig in die Senior Fase (befonds deur die OOOP SOOO – word	7

	deur die Universiteit Stellenbosch aangebied)	120 krediete
vi	Gevorderde Onderwysdiploma (*ADE*): Wiskunde-onderrig in die Intermediêre Fase (befonds deur die WKOD – word deur die Universiteit Stellenbosch aangebied)	7 120 krediete
vii	Gevorderde Onderwysdiploma (*ADE*): Wiskundige Geletterdheid-onderrig in die Verdere Onderwys- en Opleidingfase (VOO) (Graad 11 en 12) (befonds deur die WKOD – word deur die Universiteit Stellenbosch aangebied)	7 120 krediete

2. Onderwysers wat aan die volgende kriteria voldoen, kan om beurse aansoek doen:

	Kursus	**Minimum vereistes**
i	Gevorderde Sertifikaat in Grondslagfase-onderrig (*ACT*)	• Onderwysers met 'n formele onderwyskwalifikasie op Relatiewe Onderwyskwalifikasiewaarde (ROKW) 13 (M+3) of hoër. • Onderwysers wat tans sonder 'n formele kwalifikasie in die Grondslagfase onderrig gee. • Voornemende studente moet ook aan die intreevlakvereistes vir formele studie aan gekontrakteerde universiteite voldoen.
ii	Gevorderde Sertifikaat in Intermediêrefase-onderrig (*ACT*)	• Onderwysers met 'n formele onderwyskwalifikasie op Relatiewe Onderwyskwalifikasiewaarde (ROKW) 13 (M+3) of hoër. • Onderwysers wat tans sonder 'n formele kwalifikasie in die Intermediêre Fase onderrig gee. • Voornemende studente moet ook aan die intreevlakvereistes vir formele studie aan gekontrakteerde universiteite voldoen.

iii	Gevorderde Sertifikaat in Wiskunde-onderrig in die Senior Fase (*ACT*)	• Onderwysers met 'n formele onderwyskwalifikasie op Relatiewe Onderwyskwalifikasiewaarde (ROKW) 13 (M+3) of hoër. • Onderwysers wat tans sonder 'n formele kwalifikasie Wiskunde in die Senior Fase onderrig. • Voornemende studente moet ook aan die intreevlakvereistes vir formele studie aan die gekontrakteerde universiteite voldoen.
iv	Gevorderde Onderwysdiploma (*ADE*): Wiskunde-onderrig in die Senior Fase	• Onderwysers met 'n formele onderwyskwalifikasie op Relatiewe Onderwyskwalifikasiewaarde (ROKW) 14 (M+4) of hoër. • Onderwysers wat tans Wiskunde in die Senior Fase onderrig. Voorkeur sal gegee word aan onderwysers met 'n formele onderwyskwalifikasie (sertifikaat, diploma, of graad) in Wiskunde. • Voornemende studente moet ook aan die intreevlakvereistes vir formele studie aan die gekontrakteerde universiteite voldoen.
v	Gevorderde Onderwysdiploma (*ADE*): Natuurwetenskappe-onderrig in die Senior Fase	• Onderwysers met 'n BEd-graad, wat in Senior Fase-onderrig spesialiseer en tans Natuurwetenskappe in die Senior Fase onderrig. OF • Onderwysers met 'n B-graad plus 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat (*PGCE*), wat in Seniorfase-onderrig spesialiseer en tans Natuurwetenskappe in die Senior Fase onderrig. OF • Onderwysers met 'n Hoëronderwysdiploma (HOD – NKR-vlak 7), wat in Seniorfase-onderrig spesialiseer en tans Natuurwetenskappe in die Senior Fase onderrig. OF • Onderwysers met 'n Gevorderde Onderwyssertifikaat (*ACE*) (vorige NKR-vlak 6), wat in Seniorfase-onderrig

		spesialiseer en tans Natuurwetenskappe in die Senior Fase onderrig. • Voornemende studente moet ook aan die intreevlakvereistes vir formele studie aan die gekontrakteerde universiteite voldoen.
vi	Gevorderde Onderwysdiploma (*ADE*): Wiskunde-onderrig in die Intermediêre Fase	• Onderwysers met 'n formele onderwyskwalifikasie op ROKW 14 (M+) of hoër. • Onderwysers wat tans Wiskunde in die Intermediêre Fase onderrig. Voorkeur sal gegee word aan onderwysers met 'n formele onderwyskwalifikasie (sertifikaat, diploma, of graad) in Wiskunde. • Voornemende studente moet ook aan die intreevlakvereistes vir formele studie aan die gekontrakteerde universiteite voldoen.
vii	Gevorderde Onderwysdiploma (*ADE*): Wiskundige Geletterdheid-onderrig in die Verdere Onderwys- en Opleidingfase (VOO)	• Onderwysers met 'n BEd-graad wat in Wiskunde-onderrig in die VOO-fase spesialiseer of met verwante vakkennis van VOO-Wiskunde, met minstens een Wiskunde-module as deel van naskoolse kwalifikasies, en wat tans Wiskundige Geletterdheid (Graad 11 en 12) in die VOO-fase onderrig. OF • Onderwysers met 'n B-graad en 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat (*PGCE*), wat in Wiskunde-onderrig in die VOO-fase spesialiseer, of met verwante vakkennis van Wiskunde in die VOO-fase, met minstens een Wiskunde-module as deel van naskoolse kwalifikasies, en wat tans Wiskundige Geletterdheid (Graad 11 en 12) in die VOO-fase onderrig. OF • Onderwysers met 'n Hoëronderwysdiploma (HOD) (NKR-vlak 7), wat in Wiskunde-onderrig in die VOO-fase spesialiseer, of met verwante vakkennis van Wiskunde in die VOO-fase, met minstens een Wiskunde-

		module as deel van naskoolse kwalifikasies, en wat tans Wiskundige Geletterdheid in die VOO-fase onderrig. OF • Onderwysers met 'n Gevorderde Onderwyssertifikaat (*ACE*) (vorige NKR-vlak 6), wat in Wiskunde-onderrig in die VOO-fase spesialiseer, of met verwante vakkennis van Wiskunde in die VOO-fase, met minstens een Wiskunde-module as deel van naskoolse kwalifikasies, en wat tans Wiskundige Geletterdheid in die VOO-fase (Graad 11 en 12) onderrig. • Voornemende studente moet ook aan die intreevlakvereistes vir formele studie aan die gekontrakteerde universiteite voldoen.

3. Slegs onderwysers waarna in die bogenoemde kategorieë verwys word, mag aansoek doen.

4. Aansoeke sal oorweeg word op voorwaarde dat elke aansoeker aan al die onderstaande vereistes voldoen:
   (i) Moet **permanent** in diens wees van die WKOD.
   (ii) Moet aan die toelatingsvereistes van die tersaaklike universiteit voldoen.
   (iii) Mag **nie** 'n ander staatsbeurs of enige ander beurs ontvang **nie**.
   (iv) Mag **nie** by enige ander universiteit geregistreer wees wanneer daar vir 'n beurs aansoek gedoen word of tydens registrasie **nie**.
   (v) 'n Verbintenis deur die prinsipaal van die skool dat die aansoeker in die gepaste fase en/of vak sal aanbly vir die studietydperk van twee jaar en die daaropvolgende drie jaar nadat die kwalifikasie verwerf is.
5. Beide die kwalifikasieprogram vir die Gevorderde Onderwyssertifikaat (*ACT*) en Gevorderde Onderwysdiploma (*ADE*), sal oor 'n tydperk van twee jaar, vanaf Februarie 2023 tot en met Desember 2024, op 'n deeltydse basis aangebied word. Die kursuswerk sal netwerkonderwys en kontaksessies tydens skoolvakansies insluit.

6. Elke beurs wat toegeken word, sal registrasie- en klasgelde dek. Die OOOP SOOO en/of die WKOD sal koste wat met registrasie- en klasgelde verband hou direk by die betrokke hoëronderwysinstelling vereffen.

7. Waar van toepassing, sal verblyf vir kontaksessies deur die WKOD gereël word. Dit is slegs van toepassing op onderwysers wat van landelike gebiede af reis. Verblyf vir bloksessies en

Saterdagsessies (waar nodig) sal by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut voorsien word.

8. Waar van toepassing, word die vervoerkoste na en van die opleidingslokaal deur die WKOD gedek, met dien verstande dat suksesvolle kandidate van dieselfde dorp of skool vervoer deel.

9. Suksesvolle aansoekers sal, waar van toepassing, vir die koste van hul leerondersteuningsmateriaal verantwoordelik wees.

10. Suksesvolle aansoekers sal in kennis gestel word oor watter universiteite die verskillende programme sal aanbied.

11. Onderwysers wat graag vir die verskillende kursusse en beurse in aanmerking wil kom, word versoek om die aangehegte **Bylae A** (Aansoekvorm) en **Bylae B** (Ooreenkomsvorm) te voltooi en beide teen **16 Februarie 2023** via hul prinsipale in te dien.

12. Aansoeke moet aanlyn via die volgende skakel ingedien word:
https://forms.gle/MPxaxY3igqZHbjGC9

13. Die aansoekers moet hulself vergewis van **Bylae C** wat 'n stapsgewyse gids bevat om met die oplaai van die stawende dokumente te help. Volg asseblief die stappe noukeurig aangesien onvolledige dokumente wat ingedien word, daartoe sal lei dat die aansoek gediskwalifiseer sal word.

14. Alle navrae moet aan die volgende e-posadres gerig word: **ctlibursaries@wced.info**

15. **Let asseblief op die volgende:**
    - **Geen aansoek wat met die hand afgelewer word, sal aanvaar word nie.**
    - **Onvolledige of onleesbare aansoeke sal nie oorweeg word nie.**
    - **Aansoeke per faks sal nie aanvaar word nie.**

16. Aansoeke wat ná die sluitingsdatum van **16 Februarie 2023** ontvang word, sal nie oorweeg word nie.

17. **Aansoekers moet kennis neem van die volgende:**
    - **Die kursus van u keuse** moet duidelik op die aansoekvorm aangedui word.
    - **Gewaarmerkte afskrifte** van u:
        (i) Matrieksertifikaat
        (ii) Akademiese rekord
        (iii) Sertifikaat/sertifikate van professionele kwalifikasies
        (iv) Identiteitsdokument moet saam met u aansoek ingedien word.

- Die aansoek **moet deur die aansoeker, sy/haar prinsipaal en die kringbestuurder onderteken en geëndosseer word** (ondertekende aansoekvorm).
- Sonder die endossement van die prinsipaal en kringbestuurder word 'n aansoek as onvolledig beskou en gediskwalifiseer.

18. Deur **Bylae B** te voltooi, sal suksesvolle aansoekers 'n formele ooreenkoms met die WKOD aangaan om 'n jaar diens te lewer vir elke jaar waarvoor die beurs toegeken word, asook om te voldoen aan die ander bepalings wat in hierdie ooreenkoms uiteengesit word.

19. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderrigpersoneel by u skool.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2023-02-07